

**12 JANUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 10  
FOKUSGEDEELTE: PSALM 10:1**

### **God afwesig?**

Jy het ook al so gevoel – dat die Here ver weg van jou af is. Jy bid, smeek en wag, maar God antwoord nie. Jy sien die rampe van die wêreld en wonder: Waar is God dan? Hoe kan hy alles so toelaat?

Die ongelowiges dink hulle weet beter en spot: God het die wêreld vergeet! Sy tyd is verby! Die mens moet nou maar self God se plek inneem! God het niks te doen met ons planne en sake nie! God is afwesig! Die beskrywing wat Psalm 10 van die goddelose gee, kon netso in vandag se koerant gestaan het.

Omdat Dawid vasstaan in die geloof dat die Here red, soos hy in Psalm 9 bely, vra hy nou: “Waarom trek U U terug ...?” Aan die einde van die psalm bely hy sy hoop en verwagting op die nabyheid van God.

Dit is die Here wat deur alles Koning is, wat gebede verhoor en help in nood. Dit is nie God wat afwesig is nie. Die vraag is eerder: “Mens, waarom trek jy jou terug van God af?” Dit is tog nie God wat in die Paradys tussen die bome gaan wegkruip het nie, maar die mens. Dit is tog ons wat deur ons sondes van God wegding. God is nooit ver nie. Hy hoor as ons Hom aanroep. Selfs in die swaarkry is Hy by jou. In sy lankmoedigheid verdra God selfs die spotters. Hy skep nie behae in die dood van die goddeloses nie, maar dat hulle hul sal bekeer en lewe.

In Christus het God presies só naby aan ons gekom. Aan die kruis het God Hom juis van Jesus onttrek, sodat ons nooit weer deur God verlaat sal word nie. Sy liefde is so groot dat Hy selfs die slegte in ons lewe omkeer sodat dit tot ons beswil strek. Kyk daarom eerder of jy jou nie dalk self van God onttrek het nie. Draai terug! Dan sal jy ‘n God vind wat naby is, nee, meer nog – Vaderarms wat vir jou oopgehou word!

*Sing: Psalm 25:4, 5, 6*

*Ds Roelie Aucamp (Middelburg, Karoo)*